

PRO REGNO

Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr. 12:28

Nommer 6

- Vir die Koninkryk -

22 Julie 2009 AD

Inhoud

- Oorspronklike manuskripte, die Meerderheidstekes en vertalings, W.G. Crampton
- God se voorsienigheid, die kanon en die grondteks, S. Le Cornu

OORSPRONKLIKE MANUSKRIPTE, DIE MEERDERHEIDSTEKES EN VERTALINGS deur W. Gary Crampton¹

In die Westminister Geloofsbelydenis (1:8 ⁱ) lees ons dat:

Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van die Godsvolk van ouds was) en die Nuwe Testament in Grieks (wat die algemeenste aan die nasies ten tyde van die skryf daarvan bekend was), wat *ormiddelik* deur God geïnspireer en deur sy enkelvoudige sorg en voorsienigheid deur alle eeue suiwer gehou was, is daarom eg; só dat die Kerk eindelijk, in alle godsdienste geskille, 'n beroep daarop doen. Maar omdat hierdie oorspronklike tale aan almal nie bekend is nie wat aan God behoort, wat 'n reg op en 'n belangstelling in die Skrifte het en daartoe beveel word om dit met Godsvrees te lees en te ondersoek; moet dit daarom in die moedertaal van elke nasie waarheen dit uitgaan vertaal word sodat, die Woord van God daar oorfloedig in almal mag woon, hulle Hom op 'n behaaglike wyse mag aanbid en deur die geduld en die troos van die Skrifte, hoop mag hê.

Volgens die Westminister teoloë was die Hebreeuse Ou Testament en die Griekse Nuwe Testament "*ormiddelik* deur God geïnspireer". Hierdie geïnspireerde woorde was "deur alle eeue suiwer gehou". Die Griekse en Hebreeuse afskrifte, van die oorspronklike manuskripte, wat ons vandag besit, is "eg" en dit is die Woord van God.

'n Skyn probleem wat die *Westminister Geloofsbelydenis*, met sy fokus op woorde –nie dokumente nie– geheel-en-al vermy is dat geen van die oorspronklike manuskripte (*autographa*) steeds bestaan nie. Wat ons het is afskrifte (*apographa*). Maar, soos gesien sal word, hoewel ons die oorspronklike manuskripte (d.i. die fisiese dokumente) nie besit nie, volg dit egter nie dat ons die oorspronklike woorde in die afskrifte nie het nie. Die goeie afskrifte wat ons as 'n geheel het, kan en bevat wel die egte woorde van God.

'n Bybelse beskouing van die Skrif maak geen aanspraak daarop dat geen foute in enige van die afskrifte ingeglip het nie. God het nooit daarop aangespraak gemaak dat Hy vertalers en oorskrywers ⁱⁱ onfeilbaar geïnspireer het nie (hoewel Hy belowe om sy Woord deur alle tye suiwer te hou, Jes. 40:8). Foute in die oorspronklike geskifte sou dwaling aan God toeskryf, maar gebreke in afskrifte skryf dwaling aan alleen die oorskrywers toe. Dit is alleen die oorspronklike skrywers wat deur God geïnspireer sonder fout geskryf het (2 Pet. 1:20-21; Eks. 32:15-16; 2 Sam. 23:2 & Jer. 1:9) en afskrifte

¹ *Original Manuscripts, the Majority Text and Translations, The Trinity Review*, nr.233-234, Jul/Aug, 2004 (beskikbaar by: <http://www.trinityfoundation.org/archive.php?s=1>). W. Gary Crampton, Th. D., is predikant van Trinity PCA in Greenville, S.C. Hy is ook Professor in Teologie by Whitefield Theological Seminary. Die artikels is vertaal deur Heini Satlegger (lidmaat van die GK Belville).

is die geïnspireerde, onfeilbare, foutlose Woord van God slegs in die mate waartoe dit die oorspronklike woorde weerspieël.

Edward J. Young

E.J. Young het geskryf:

Indien die Skrif "God-se asem" is, volg dit natuurlik dat slegs die oorspronklike "God-geasem" is. Indien die heilige manne van God uit God gespreek het soos hulle deur die Heilige Gees meegevoer was, dan is slegs dít wat hulle onder-die-Gees-meegevoer-gespreek-het geïnspireer. Dit sou sekerlik onregverdigbaar wees om vol te hou dat die afskrifte van *'wat hulle gesê het'* ook geïnspireer was, aangesien hierdie afskrifte deur mense en nie-deur-die-Gees-meegevoer-nie, gemaak was. Dit was dus nie soos die oorspronklike "God-geasem" nie (Young, 1956:55-56).

Francis Turretin

Francis Turretin was van dieselfde opinie:

Alhoewel ons volstreekte integriteit aan die Skrifte gee, dink ons daarom nie dat die oorskrywers en drukkers geïnspireerd (theopneustos) was nie, maar slegs dat God se voorsienigheid oor die afskryf van die heilige boeke toesig gehou het, sodat alhoewel baie foute mog inkruip, het dit nie só gebeur nie (of dit het nie só in die manuskripte ingekruip nie), maar dat dit inderdaad deur vergelyking met ander (of met die Skrifte sêlf) maklik reggestel kan word. Daarom is die fondament van die suiwerheid en integriteit van die bron –nie in die foutvryheid ... van die mens nie, maar– in die voorsienigheid van God, wat (hoe mense, in die oorskryf van die heilige boeke aangewend word, ookal moontlik verskeie foute mog vermeng) altyd ywerig gesorg het dat dit reggestel was, of dat dit maklik reggestel mag word deur 'n vergelyking met òf die Skrif sêlf òf ander gekeurde geskrifte. Dit was nie noodsaaklik om al die skrywers daarom onfeilbaar te verklaar nie, maar om hulle slegs só te rig dat die ware lesing altyd gevind mag word. Hierdie boek oortref alle ander vêr in suiwerheid (Turretin, 1992:72-73).

Anders as die manuskripte, mag afskrifte nie sonder fout wees nie. Die tak van studie, wat as tekskritiek bekend staan, wat sy werklik oorsprong in die sestiende eeu gehad het, onderneem om –sovêr dit menslik moontlik is– die oorspronklike lesing van 'n afskrif te bepaal deur sorgvuldige vergelyking en skatting daarvan. Soos mens sou dink is tekskritiek soos Gordon Clark (1986:9) opgemerk het, " 'n baie moeilike en delikate prosedure"

Alhoewel die Rooms Katolieke Kerk Apokriewe boeke (verkeerdelik) by die Ou Testament voeg, is daar –sovêr dit die Christelike kerk betref– werklik geen onenigheid rakende die Ou Testament nie. Daar is slegs een teks, dit is die Masoretiese Teks, en dit bestaan uit nege-en-dertig (×39) boekeⁱⁱⁱ. Die Ou Testamentikus Robert Dick Wilson het gestel dat ons byna "seker is dat ons wesenlik dieselfde teks het wat in Christus en die apostels se besit was" (Jackson & Thompson, 1989:33).

Die werklike verskil behels die Nuwe Testament (meer hieroor volg hieronder). Maar, soos ons sal sien, moet dit nie so wees nie. Daar is tans meer as vier-duisend-sewe-honderd (×4,700) bestaande Griekse afskrifte van die Nuwe Testament. Daar is ook 'n aantal vertalings van die vroeë kerk, saam met sowat twee-duisend-twee-honderd (×2,200) Skrifleeslyste (d.i. Bybelstudie materiaal of voorlesings vir die kerk se weeklikse eredienste), wat op dele van die Nuwe Testament gebaseer is. Dan is daar sowat vyf-en-tagtig (×85) papiri wat fragmente van Nuwe Testament tekste bevat. Daar is geen ander stuk literatuur in die oudheid wat so goed soos die Nuwe Testament gedokumenteer is nie. John Warwick Montgomery het geskryf: "Om oor die voortspruitende teks van die Nuwe Testament boeke skepties te wees, is om toe te laat dat klassieke oudheid geheel in duisterheid weggliip, want geen dokumente van die antieke periode word bibliografies so goed soos die Nuwe Testament geverifieër nie" (McDowell, 1979:40).

Benjamin Warfield

Soos B.B. Warfield aangetoon het die Westminster teoloë se leer is dat die egte teks in die veelvoud – van die Hebreeuse en Griekse– afskrifte “suiwer gehou” is, maar nie dat elke afskrif sonder fout is nie. Die suiwer teks word nie noodwendig in enige gegewe afskrif volmaak weergegee nie, maar binne die geheel van die versameling daarvan behou, as gevolg van God se voorsienige toesighoudende sorg in die oordrag van sy Woord. Die foutloosheidsleer is dan –in die strengste sin– slegs op die manuskripte (*autographa*) van toepassing — dit wat “*onmiddelik*” geïnspireer was. Maar, die foutloosheidsleer is ook –in afgeleide sin– op die afskrifte (*apographa*) van toepassing, omdat die woorde van die oorspronklike manuskripte in die afskrifte is (Warfield, 1991:236 vv.). Die goddelike inspirasie leer (2 Tim. 3:16-17) veronderstel die bewaring van die onfeilbare en foutlose Woord van God. Jesus het dit in Mattheüs 4:4 bevestig –waar Hy die inspirasie van die manuskripte (*autographa*) bevestig– deur te verklaar dat die Skrif “... deur die mond van God uitgaan” en dat die gesag van die afskrifte (*apographa* — die geskrewe Woord) bekragtig, deur te stel dat dít die standaard is waarvolgens “[d]ie mens sal ... lewe ...” (Strouse, 2003:35).

John Owen

Die somtotaal waarvoor ek –ter verdediging van hierdie besondere onderwerp– pleit, is: soos wat die Skrifte van die Ou -en Nuwe Testament *onmiddelik en geheel* van God sêlf uitgegaan het, so word sy gedagtes daarin aan ons verteenwoordig *sonder –die geringste ingrepe* van middele en wyses, wat daartoe in staat sou wees– om *aan die geringste jota of lettergreep* verandering of wysiging aan te bring; só, het Hy in sy goeie en genadige voorsienige beskikking, liefde vir sy Woord en kerk, *sy hele Woord, soos Hy dit eerste ingegee het, in die oorspronklike tale geheel vir ons behou*, waar dit in eie skoonheid en luisteryk voortsyn en (ook in alle vertalings daarvan, in so vêr dit die oorspronklike getrou verteenwoordig) die goddelike oorsprong en gesag daarvan, sonder ander vreemde hulp of bystand, in die mens se gewete uitdruk en getuig (Owen, 1979:349-350).

Die Bewaring van die Woord

Dat God sy Woord deur die eeue suiwer gehou het of dat die hedendaagse afskrifte waaroor ons beskik so akkuraat is, behoort ons nie te verbaas nie. Die Bybel sêlf bevestig die voortdurendheid van God se Woord. Psalm 119 verklaar, byvoorbeeld: “Vir ewig, o HERE, staan u woord vas in die hemele ... Lankal het ek geweet uit u getuienisse dat U hulle vir ewig gegrond het ... Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid” (verse 89, 152 & 160). In Jesaja 40:8 lees ons: “Die gras verdor, die blom verwelk; maar die Woord van onse God hou stand in ewigheid”. Dan het Jesus ook sêlf bekend gemaak: “... voordat die hemel en aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie” (Matt. 5:18). Aangaande hierdie laasgenoemde vers is die “jota” –die kleinste Hebreeuse letter– en die “titteltjie” –die baie klein dwarsstrepie op sekere Hebreeuse letters– betekenisvol. Hiervolgens, is wat Jesus ons hier leer daaraan “gelykwaardig om te sê dat selfs die kolletjies op die ‘i’s en die strepies deur die ‘t’s sal bly staan” (Lyons & Miller, 2004:60). In sy kommentaar op hierdie vers, het Johannes Calvyn (2005:278) betuig: “In die Wet is daar niks onbelangrik nie, niks wat onbepaald daar geplaas was nie; en só is dit onmoontlik dat ‘n enkele letter sal vergaan”. Elkeen van hierdie verse stry vir die goddelike, ewigdurende bewaring van die Woord van God.

Deuteronomium 4:12; 12:32 en Spreuke 30:6 asook Openbaring 22:18-19 vertel dat daar aan die oorspronklike Woord van God nie byvoeg of daarvan wegneem mag word nie. (Daar behoort nie vergeet te word nie dat ‘n peutery met die Woord van God, ‘n slenterslag van satan was om die sondeval teweeg te bring [Génesis 3:1-7].^{iv}) Openbaring 22:18-19 is besonder kragtig:

Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie

boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

In Jeremia 36, nadat die bese koning Jójakim die profeet se oorspronklike dokument vernietig het, is daar aan Jeremia gesê om nog 'n afskrif te maak. In Deuteronomium 17:18 lees ons dat 'n afskrif van die wet gemaak word (die oorspronklike was in die Verbondsark, Heb. 9:4) en aan die koning gegee moes word, sodat hy sou weet hoe om sy sake volgens Bybelse wet te bestuur. En in Kolossense 4:16 vertel die Apostel Paulus aan die lidmate van die kerk in Kolosse dat, nadat hierdie brief te midde van hul samekoms gelees was, hulle daarvan afskrifte moes maak om aan ander kerke te stuur (Clark, 1989:131-132). Akkurate afskrifte word, dan, deur die Skrif sêlf van getuig en goedgekeur.

Die akkuraatheid van oordrag word ook in die Bybel van getuig. Jesus het, byvoorbeeld, uit 'n afskrif van Jesaja 42 (Matt. 12:18-21) en 61 (Luk. 4:16-21) gepreek en andere vertel om die Skrifte te ondersoek (Joh. 5:39). Die Skrifte van Jesus se dag was seer sekerlik afskrifte van die oorspronklike manuskripte. Dit het die oorspronklike woorde wat deur God geïnspireer was bevat. In 2 Timóteüs 4:13 vra Paulus dat die "perkamente rolle" (ooglopend afskrifte) na hom gebring word, sodat hy die Woord van God in sy tronksel mog bestudeer. Hy prys ook die Bereane aan dat hulle hul afskrifte van die oorspronklike Ou Testament manuskripte ondersoek (Hand. 17:11). En in Spreuke 25:1 lees ons van Salomo se oorspronklike "spreuke" wat deur die "manne van Hiskía" oorgeskrif word; en die afskrifte is die Woord van God.

Aangaande Skriftoedrag, het Warfield tot die gevolgtrekking gekom dat die Nuwe Testament "aan ons oorgedra was met geen, of byna geen, afwyking nie; en selfs in die mees verdorwe vorm waarin dit al ooit verskyn het, om die gereeld aangehaalde woorde van Richard Bentley te gebruik, 'die werklike teks van die heilige skrywers is volledig akkuraat ... geen geloofsartikel of morele voorskrif word òf verdraai òf is verlore nie ..." (McDowell, 1979:44).

Akkurate vertalings is ook die Woord

Dit is ook noemenswaardig dat die gereelde gebruik van die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament) by die Nuwe Testament skrywers, nie slegs in die belangrikheid daarvan en die algemene akkuraatheid van teksoordrag daarin hoog in aansien was nie, maar ook weens die behoefte aan vertalings in die "moedertaal van elke nasie waarheen dit uitgaan vertaal word, sodat, die Woord van God daar oorvloedig in almal mag woon, hulle Hom op 'n behaaglike wyse mag aanbid en deur die geduld en die troos van die Skrifte, hoop mag hê". Soos die Geloofsbelydenis leer, alle persone is "in die vrees van God" gelas om die Skrifte "te lees en te ondersoek", wat sodoende vereis dat hulle in staat moet wees om die Bybel te kan lees en in hul eie taal te hoor. Hierdie leer word in verskeie plekke in die Bybel geleer: Deuteronomium 31:11-12; Jeremia 36:6-7; Matthéüs 28:18-20; Johannes 5:39; Romeine 15:14 om net 'n paar te noem. Op hierdie wyse, sou persone uit alle nasies die weg van saligheid leer ken (Joh. 20:31; Rom. 1:16-17; 10:7) en in staat wees om hulleself teen die Bose een en sy aanhangers te beskerm (Ef. 6:10-18).

Hierdie selfde beginsel word in Nehemia 8 geleer, waar die Woord van God in die oorspronklike taal gelees word deur Esra, maar in die taal van die hoorders vertaal word deur die Leviete. Verder, het Jesus in sy aardse bediening die mense in hul moedertale geleer (Matt. 5-7). Sy apostels en dissipels het dieselfde gedoen. Op Pinksterdag het mense van oor die wêreld heen die evangelie in hul eie taal gepreek gehoor (Hand. 2). En op hul sendingsreise, het Paulus en sy genote die Woord van God in tale wat die hoorders kon verstaan gepreek (Hand. 13-28). Dit impliseer, onder andere, dat verklarende openbarings nie slegs voldoende en akkuraat in die oorspronklike tale uitgedruk is nie, maar ook in ander menslike tale. Menslike taal is, as sodanig, 'n gawe van God en is 'n geheel genoegsame en gepaste middel om die goddelike waarheid akkuraat en letterlik mee uit te druk. Vêr van 'n

belemmering tot kommunikasie tussen God en mens, is taal, spraak en die menslike woord die uitsluitlike middel van sulke kommunikasie.

Francis Turretin

Dit is nie net die wesenlike leringe wat bewaar word nie, dit is die bewoording van die teks ook. Francis Turretin stel dit só:

Tensy onbelemmerde integriteit die Skrifte kenmerk, kon dit nie as die enigste reël van geloof en die beoefening daarvan beskou word nie en sou die deur wyd oop wees –vir ateïste, vrye denkers, entoesiaste en ander wêreldgesindes soos hulle– om die egtheid daarvan te vernietig ... en om die fondament van saligheid omvêr te werp. Want, aangesien niks wat vals is 'n voorwerp van [reddende] geloof kan wees nie, hoe sou die Skrifte as eg voorgelou en goddelik geag kon word, indien dit aan weerspreking en verderf blootgestel is? Nòg kan daar gesê word dat hierdie verderf in slegs kleiner dinge is, wat die fondament van die geloof nie raak nie. Want waar die egtheid ... van die Skrifte weggeneem word (wat uit die onherstelbare verderf van slegs een vers sou volg), hoe sou ons geloof rus op wat oorbly? En waar verderf in dié minder belangrike erken word, waarom nie in die meer belangrike nie? Wie sou kon verseker dat geen fout of klad in die fundamentele verse nie ingesluip het nie? Of watter antwoord kan aan 'n subtile ateïs of ketter gebied word, wat hardnekkig sou volhou dat hierdie of daardie vers, wat minder in sy guns tel, verdorwe is? Dit sal nie deug om te sê dat goddelike voorsienigheid dít van ernstige, maar nie van mindere verderf wou vrywaar nie. Want, buiten die feit dat dit ongevraagd is, kan dit nie sonder skade gedoen word nie, asof daar 'n tekort is aan die noodsaaklike dinge wat vir die volkome geloofwaardigheid van die Skrif sêf benodig word. Nog kan ons geredelik glo dat God, wat iedere en elke woord aan hierdie geïnspireerde ... manne gedikteer en geïnspireer het, nie na die algehele bewaring daarvan sou omsien nie. Indien mense die uiterste sorg aan die dag lê om hul woorde te bewaar (veral waar dit van enige belang is, soos byvoorbeeld 'n testament of kontrak) sodat dit nie bederf sou word nie, hoeveel te meer, moet ons nie veronderstel, God vir sy Woord sou gesorg het, wat Hy as 'n testament en seël van sy verbond met ons onderneem het, sodat dit nie bederf sou word nie; veral waar Hy sulke verderf maklik vooruit kon sien en voorkom het, om die geloof van sy kerk sodoende te bevestig? (Turretin, 1992:71).

Nogtans, is alle afskrifte juis dit: afskrifte. En waar noodsaaklik moet dit deur die oorspronklike reggestel word. In 2 Konings 22 en 2 Kronieke 34 lees ons van die vind van die "oorspronklike" wetboek van Moses deur die priester Hilkia (die letterlike lesing van 2 Kron. 34:14 is "deur die hand van Moses"). Hoewel die manne van daardie dae afskrifte van die wet gehad het (wat die wet duidelik in 2 Kron. 34:1-13 vir die uitvoer van hul pligte van hulle vereis), was daar klaarblyklik sekere lesse in die oorspronklike, wat in die afskrifte nie te vinde was nie. Israel was daaraan skuldig dat hulle alles wat God vereis het nie gedoen het nie (verse 19-21). Waarvolgens, die mense se gehoorsaamheid deur die Woord gehandhaaf moes word, soos dit oorspronklik "deur die hand van Moses" gegee was (verse 29 v.v.). Daarom was die gepaste veranderinge aangebring.

Akkurate Vertalings

Die vraag kom op: *Hoe weet ons watter vertaling die akkuraatste is?* ^v Soos bo opgemerk, is die verskil hier oor die Nuwe –nie Ou– Testament, ten minste met betrekking tot die teks-kwelpunte. In die laaste eeu alleen, was daar verskeie nuwe vertalings, insluitende die: American Standard Version; Revised Standard Version; New American Standard Version; New International Version; English Standard Version en die New King James Version. Meeste van hierdie nuwe vertalings (New King James Version uitgesonder) is op 'n Griekse teks van die Nuwe Testament gebaseer, wat as die Aleksandrynse Teks of Kritiese Teks bekend staan ^{vi}, dít verskil op meer as vyfduisend (×5000) plekke van die Griekse teks, wat die King James Version (en New King James Version) onderlê en as die Oorgelewerde Teks (Textus

Receptus) bekend staan. Meeste nuwer vertalings maak hewig op 'n paar vroeë Griekse manuskripte staat (in die besonder twee: Kodeks Sinaiticus^{vii} en [veral] Kodeks Vaticanus) wat in die laat negentiende - en vroeë twintigste eeu ontdek was. Die teorie dat hierdie dokumente (die beweerde "neutrale" teks) bevoordeel moet word, weens hoofsaaklik die hoër ouderdom daarvan, was deur B.F. Westcott en F.J.A. Hort (1988, vgl.: Pickering, 1977:31-40 & Metzger, 1975:xiii-xxxi) bekend gemaak. Indien dit waar sou wees dat die vroeër kodekse as die betroubaarste geag moet word, dan behoort dít onderling die minste te verskil. Maar dit is nie die geval nie; selfs onder hierdie paar manuskripte, is daar menige verskille (Dabney, 1982:364)^{viii}.

Die Westcott-Hort teorie hou verder voor dat sowat vyf-en-tagtig tot negentig persent (85-90%) van die Griekse manuskripte, wat deur die Oorgelewerde Teks verteenwoordig word –en anders as die Aleksandrynse Teks, aansienlik meer in ooreenstemming is– gedurende die vierde eeu 'n radikale redigeringsproses ondergaan het. Hiervolgens is dit onbetroubaar. Ander studies het in elk geval aangetoon dat dit eenvoudig nie die geval is nie. "Geskiedenis is volkome stom ... met betrekking tot enige hersiening van die Bisantynse [Ontvangde] Teks" het Harry Sturz (1984:122) geskryf. Om die waarheid te sê, is daar bewyse wat aandui dat die Aleksandrynse manuskripte dié is waaraan daar gepeuter was en dat die doelbewuste veranderinge die rede is dat dit so uiteenlopend is (Pickering, 1977:58-62, 107-110). Soos William Einwechter (1996:30) opgemerk het: "As gevolg van die amper totale verwerping van die waarde van die Bisantynse [Ontvangde] Teks as 'n getuie van die oorspronklike manuskripte, het die kundiges die MCT [Aleksandrynse Teks] op die basis van slegs tien tot vyftien persent (10-15%) van die beskikbare manuskripte daarvan bevestig".

Die Meerderheidstekes

'n Ander groep Nuwe Testamentici redeneer dat die lesings van die meerderheidmanuskripte bo die lesings van etlike ouer manuskripte te verkies is. Hierna word as die Meerderheidstekes- of Bisantynse^{ix} Teks teorie verwys. Omdat hierdie teks binne die kerk deur die eeue oorgedra en bewaar is, word ook daarna verwys as die Tradisionele Teks of die Kerklike Teks. Die Ontvangde Teks behoort tot die manuskripte van die Meerderheidstekes, maar is nie daaraan gelyk nie (vgl.: Hodge & Farstad, 1985). Sovêr dit hierdie artikel betref word die Ontvangde Teks en die Meerderheidstekes oor die algemeen as wissel terme gebruik. Soos E.F. Hills (1956:121) verklaar: "Die Textus Receptus is prakties identies aan die Bisantynse Teks, wat in die omvangryke meerderheid van die Griekse Nuwe Testament manuskripte gevind word".

Volgens die Westcott-Hort teorie behoort manuskripte geweeg –nie getel nie– te word. In elk geval word daar beweer dat al die Bisantynse tekste uit een verwante familie afkomstig was. Om hierdie rede dra die groot getal daarvan min gewig. Volgens die Bisantynse Teks teorie is hoër ouderdom, daarteenoor, nie naastenby so belangrik soos die getal nie. Eerstens, impliseer een teks wat ouer as 'n ander is, geensins, dat dit meerderwaardig is nie. Die ouer teks sêlf kan foutief wees. Ook die gewig van teks-bewyse openbaar nou dat die Bisantynse Teks lesings tot ten minste ná die tyd van die Kodeks Vaticanus en Kodeks Sinaiticus terugdateer. Teenoor die onderwysing van Westcott-Hort skryf Harry Sturz (1984:130, 79, 95): "onderskeibare Bisantynse lesings van alle soorte het dit as vroeg aangetoon". Dít word deur vroeë papiri en verskeie van die kerkvaders gestaaf. Met ander woorde, volgens William Einwechter (1996:27) is dit bykans seker dat "hierdie teks (Ontvangde Teks) in onafgebroke gebruik in die Griekse kerk was, vanaf ten minste die vierde eeu tot die tyd van die Hervorming, toe Erasmus hierdie teks as grondslag vir die eerste gedrukte uitgawe van die Griekse Nuwe Testament gebruik het". Die feit dat ons geen vroeë afskrifte van die Bisantynse Teks besit nie, is maklik om te verduidelik:

- (1) die klimaat in Egipte, waar die vroeë Aleksandrynse Teks manuskripte gevind was, is droër en dus sou enige teks daar langer bestaan;
- (2) die Egiptiese manuskripte was waarskynlik, as gevolg van hulle verdorwe aard, nie gebruik nie en het dus langer bestaan, waarteenoor die meerderheidsmanuskripte gereeld gebruik was en onklaar geraak hierdie het" (Pickering, 1977:124 v. & Engelsma, 1988:27).

Tweedens, indien menige ooreenstemmende manuskripte 'n enkele voorouer het, soos beweer word die geval met die Bisantynse Teks is, beteken dit nie noodwendig dat die groter aantalle minder gewig dra nie. Dit mag wel daarop toespeel dat, die afskrywers van daardie tyd geglo het dat die voorouer die getrouste aan die oorspronklike sou wees. Die manuskripte, wat in getal minder is, was in alle waarskynlikheid deur die oorskrywers verwerp gewees; hierdie skaarsheid dui op die verdorwe aard daarvan (Clark, 1986:13-16). Verder, is dit nie die geval dat die verskeie manuskripte van die Bisantynse Teks almal van een gemeenskaplike ouer afkomstig is nie. Daar is, inderdaad, sterk bewyse dat die Bisantynse Teks se dokumente vanaf verskeie dele van die Christendom afkomstig is en nie stamverwant is nie (Engelsma, 1988:27-28).

Derdens, het die Kerke in die Ooste, voor die Hervorming, die Bisantynse Teks vir meer as 'n duisend ($\times 1000$) jaar gebruik. Die kerke van die Hervorming het dieselfde teks vir 'n verdere drie-honderd-en-vyftig ($\times 350$) jaar gebruik en sommige gebruik dit nog steeds. Soos deur E.F. Hills verklaar, was die Bisantynse Teks die Griekse Nuwe Testament teks, wat algemeen gedurende die grootste deel van die Bisantynse tydperk (312-1453) gebruik was. Baie eeue voor die Protestantse Hervorming was hierdie Bisantynse teks die teks van die hele Griekse kerk en vir meer as drie eeue na die Hervorming was dit die teks van die hele Protestantse kerk. Selfs vandag is dit die teks wat die meeste Protestante die beste ken, sedert die *King James Version* en ander vroeë Protestantse vertalings daaruit gemaak was (Hills, 1956:40).

Boonop is daar rede om te glo dat dieselfde teks "deur die tweede - en derde eeu en tot binne die vierde eeu" behoue was (Hills, 1956:55). Indien die kundiges, wat die Westcott-Hort teorie gevolg het met hul voorkeur vir die Aleksandryne Teks, korrek is, dan was die kerk, in baie gevalle, vir bykans twee millennia sonder die egte teks van die Nuwe Testament gewees. Dit dui opsigself nie aan dat God "deur sy enkelvoudige sorg en voorsienigheid" die Nuwe Testament teks "deur alle eeue suiwer gehou" het nie (Engelsma, 1988:32-33). Hierdie foutiewe benadering tot tekskritiek is meer rasionalisties as Bybels. Dit is hoogs subjektief, eerder as Bybels objektief. Met die veronderstelling dat daar, op die een of ander wyse, 'n "progressiewe" element in tekskritiek moet wees is die aanslag daarvan selfs Hegeliaans^x.

Is die Kanon Geslote?

Nog erger, indien die Aleksandryne Teks teorie waar sou wees, behoort ons onself te vra of die Nuwe Testament kanon ooit afgesluit sal word, 'n feit wat deur Westcott en Hort erken word (Webb, 2003:48). Hoekom? Want as die nuwe (en ouer) manuskripte aanhou ontdek word (wat moontlik is), dan sal die Nuwe Testament in die lig van elke nuwe handskrif –wat ontdek word– herwaardeer moet word. Die werklike Nuwe Testament sal nooit terug gekry kan nie word nie. Om E.F. Hills (1956:141) aan te haal:

"As God die Nuwe Testament op so 'n manier bewaar het dat dit onmoontlik is om sekerheid aangaande die suiwerheid van die teks te verkry, dan is daar vandag geen onfeilbare Nuwe Testament nie en as daar vandag geen onfeilbare Nuwe Testament is nie mag dit wel wees dat daar nooit 'n onfeilbare Nuwe Testament was nie".

Hierdie probleem is die merkbaarste aan die einde van die Evangelie volgens Markus. Weergawes wat die Aleksandryne Teks volg, waar verse 9-20 nie as deel van die oorspronklike gereken word nie, weens die gebreke van die Kodeks Vaticanus en - Sinaiticus. Maar meeste van die ander Markus-manuskripte bevat hierdie verse wel. 'n Algemene teorie, wat deur die voorstanders van die Aleksandryne Teks teorie aangehang word, is dat die oorspronklike einde van Markus –op een of ander wyse– verlore geraak het en dat 'n redigeerder verse nege tot twintig (9-20) later daar bygevoeg het (Metzger, 1975:122-126). Die voorstanders van hierdie teorie wil te kenne gee (hoewel hulle dit nie só uiteensit nie) dat God eerder onbekwaam of onwillig was om die verminking van die teks van die Heilige Skrif te voorkom. Daardie voorstanders sou sekerlik nie –redelik– kon sê nie dat, God hierdie deel van sy Woord "deur alle eeue suiwer gehou" het. Ons mag so vêr gaan soos om te beweer dat, indien Markus 16:9-20

verlore is, die verklaring van Jesus in Mattheüs 5:18 ("Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.) foutief is^{xi}).

Romanisme en Rasionalisme

Soos vermeld, het tekskritiek eintlik in die sestiende eeu begin. Die Hervormers en die latere Puriteine was van hierdie dissipline terdeë bewus. Getrou aan die *sola Scriptura* beginsel, was hulle sterk voorstanders van die geloof dat God sy Woord in die meerderheid Griekse en Hebreeuse manuskripte – dié wat basies in ooreenstemming was – bewaar het. Hierteenoor het die Rooms Katolieke Kerk weer 'n aantal afskrifte –talle variante– gebruik, in 'n poging om die *sola Scriptura* beginsel teë te gaan. Sonder 'n onfeilbare kerk om ons te vertel wat –en wat nie– die ware Woord van God is, het Rome gesê, kan mens nooit van die ware teks van die Skrif seker wees nie. Romanisme het 'n paar manuskripte met verskeie verskille bevoordeel, bo die meerderheid manuskripte wat in basiese ooreenstemming was; daarteenoor het die Hervormers en die Puriteine, oorwegend, die teenoorgestelde standpunt ingeneem (Einwechter, 1996:34, 62-63 & 70).

Die tekskritiek het daarom die beginsels van Rome (en die voorafgaande Rasionalisme) gedurende die laaste eeu nagevolg en nie dié van die Hervormers en Puriteine nie. Hierdie praktyk het die kerk van die baan af gelei. Daar word vertel dat 'n paar tekste, waarop die nuwe vertalings gebaseer is, beter as die meerderheid tekste is waarop die *King James* en die *New King James* weergawes baseer is. Hierdie artikel, het desnieteenstaande, aangetoon dat dit nie waar is nie. Die Westcott-Hort teorie is nie betroubaar nie. Soos Pickering geskryf het, dit is in elke opsig ongestaaf (Pickering, 1977:91-92).

Wie Bewaar die Woord?

Die Skrif vertel ons nie dat God slegs sy Woord sal bewaar nie, maar ook dat Hy sy uitverkorenes (d.i.: nie 'n groep "tekskundiges" nie) sal gebruik om dit te doen. Onder die Ou Testament bedeling het Hy sy "godspraak" aan Israel toevertrou, sy uitverkore volk (Rom. 3:2). In die Nuwe Testament bedeling, word dieselfde verantwoordelikheid aan die kerk, wat die "pilaar en grondslag van die waarheid" is (1 Tim. 3:15), gegee. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om 'alle dinge te beproef en die goeie te behou' (1 Tess. 5:21); om die "... geeste op die proef [te stel, om vas te stel] of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan" (1 Joh. 4:1). En die kerk moet baie versigtig wees hoe die teks van die Heilige Skrifte hanteer word.

Jesus het bekendgemaak dat Hy dieselfde onfeilbare, foutlose woorde aan sy apostels gegee het as wat sy Vader aan Hom gegee het en gesê dat: "hulle het dit ontvang" (Joh. 17:8). Dít is dieselfde woorde waarvan Hy geleer het dat dít "nooit [sal] verbygaan nie" (Matt. 24:35). Hy het geleer dat "die Skrif nie gebreek kan word nie" (Joh. 10:35). En dat dit "onmoontlik is dat God sou lieg" (Heb. 6:18). Terselfdertyd het Paulus, egter, teen foutiewe dokumente in 2 Tessalonisense 2:2 gewaarsku en het Petrus die kerk teen diegene wat die Skrif sou "verdraai" in 2 Petrus 3:16 gewaarsku. Paulus verklaar, waar hy aan Timóteüs skryf, dat 'as iemand iets anders leer, wat met die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie instem nie, dat dié verwaand is en niks verstaan, maar 'n sieklike sug na twisvrae en woordstryd het, waaruit afguns, twis, lasterlinge, bose agterdog, nuttelose stryery van mense ontstaan, wat in hul verstand verdorwe en van die waarheid beroof is ...' (1 Tim. 6:3-5). Enige ander woorde sal "... tot geen nut [wees] ... maar net [tot] die ondergang van die hoorders ..." lei. Ons moet "...die onheilige, onsinnige praatjies ... vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid ...". Indien hierdie onheilsame woorde nie gestop word nie "... sal [dit] soos 'n kanker voortwoeker ..." (2 Tim. 2:14-17). Hierdie verse bevestig dat die onderwerp geen geringe saak is nie. Ons het met die Woord van God te doen. Dat die vertalings akkuraat is, is nie genoeg nie; die Griekse teks wat 'n vertaling onderlê moet korrek wees. Nuwe vertalings gebruik 'n verkeerde Griekse teks. Die Bisantynse –nie Aleksandrynse nie– Teks teorie, wat die leer aangaande die goddelik voorsienige bewaring van die Skrifte ten volle ondersteun, verskaf 'n meerderwaardige teks waarop vertalings gebaseer behoort te wees.

Die goddelike inspirasie leer aangaande die oorspronklike geskrifte, veronderstel die goddelike bewaringsleer aangaande die Skrif. Die goddelike bewaringsleer aangaande die Skrif vereis weer aanvaarding van die Bisantynse Teks teorie eerder as die Aleksandrynse Teks teorie. Dit beteken egter nie dat "die Bisantynse Teks 'n absoluut volmaakte weergawe van die goddelik, geïnspireerde oorspronklike teks is" nie soos wat E.F. Hills beweer. Eerder:

Al wat met die uitdrukking *'die Bisantynse Teks moet as Standaard Teks geag word* bedoel word, is dat: [a] dít in die oorgrote meerderheid van die Griekse Nuwe Testament manuskripte aangetref word, waar die oorspronklike teks baie akkuraat weergee word én meer so as in enige ander bestaande teks uit die handskrifperiode en [b] dít om hierdie rede God se wil is dat, hierdie teks amper altyd gevolg behoort te word bo nie-Bisantynse tekste, wat weer in die minderheid van die Nuwe Testament manuskripte en in meeste van die antieke weergawes aangetref word (Hills, 1956:122).

Die kerk moet haar verpligting dan nakom. Sy het nodig om God se voorsienige hand te herken en te bely dat die Bisantynse Teks die "egte" teks is. Net soos die kerk 'n beslissende verklaring aangaande die sewe-en-twintig (×27) boeke van die Nuwe Testament gemaak het, behoort sy ook 'n beslissende verklaring aangaande die bestaande Nuwe Testament teks te maak.

Skrif Alleen

Ons sien weereens hoe belangrik die Hervorming se *sola Scriptura* leerstuk is, in hierdie geval het dit te doen met hoe ons moet oordeel oor watter vertalings die beste is. Hier is die twee grootste leringe die verbale en die volkome inspirasie van die *autographa* (manuskripte) en die voorsienige bewaring van die geïnspireerde woorde (Einwechter, 1996:512, 44). Dit is, God het nie net die oorspronklike skrifte "ormiddelik geïnspireer" nie, maar Hy het ook die *apographa* (afskrifte) "deur alle eeue suiwer gehou" sodat hulle "eg" is.

Volgens die Woord van God –soos in die Westminster Geloofsbelydenis (14:2^{xii}) opgesom– deur verlossende geloof, "glo 'n Christen dat wat ookal in die Woord geopenbaar word, op grond van die gesag van God wat sêlf daarin spreek, waar is". In sy Woord vertel God ons dat Hy sy Woord vir alle geslagte voorsienig sal bewaar. Die saak aangaande die egtheid van die geïnspireerde teks, op grond van 'n meerderheid van die Hebreeuse en Griekse afskrifte, is nie 'n opsie nie. Die Aleksandrynse Teks, wat dit onvoorwaardelik ontken, moet verwerp word en die Ontvangde Teks moet aanvaar word, soos verklaar word deur E.F. Hills (1956:133):

"Want die Hervorming se Teks (Textus Receptus) is die ware teks van die Griekse Nuwe Testament, dit sal altyd deur die spesiale voorsienigheid van God behoue bly en deur daardie Christene wat wel konsekwent dink hoog geëer word".

Aanbevole Leesstof

VAN BRUGGEN, J. 1978. *The future of the Bible*. Nashville, TN : Thomas Nelson.

BURTON, J.W. 1959. *The last twelve verses of the Gospel according to S. Mark*. Evansville, IN : Sovereign Grace.

CLARK, G.H. *God's hammer: the Bible and its critics*. Unicoi, TN : Trinity.

CLARK, G.H. 1986. *Logical criticisms of textual criticism*. Unicoi, TN : Trinity.

CRAMPTON, W.G. *By Scripture alone*. Unicoi, TN : Trinity.

GAUSSEN, L. *God-breathed: the divine inspiration of the Bible*. Translated by David Scott and edited by John Robbins. Unicoi, TN : Trinity.

HILLS, E.F. 1984. *The King James version defended*. Des Moines, IA : The Christian Research Press.

PICKERING, W.N. 1977. *The identity of the New Testament text*. Nashville, TN : Thomas Nelson.

STURZ, H.A. 1984. The Byzantine text-type and New Testament textual criticism. Nashville, TN : Thomas Nelson.
 WARFIELD, B.B. 1948. The inspiration and authority of the Bible. Philadelphia, PA : Presbyterian & Reformed.
 YOUNG, E.J. 1957. Thy Word is truth. Grand Rapids, MI : Eerdmans.

Bibliografie

BURGON, J.W. 1959. The Last Twelve Verses of the Gospel According to S. Mark. Evansville, IN : Sovereign Grace.
 CALVIN, J. 2005. Commentary on a harmony of the Evangelists, Matthew, Mark and Luke, vol. 1. Translated from the original Latin and collated with the author's French version by rev. W. Pringle. Grand Rapids, MI : Baker.
 CLARK, G.H. 1986. Logical criticisms of textual criticism. Unicoi, TN. : Trinity.
 CLARK, G.H. 1989. Colossians. Unicoi, TN. : Trinity.
 DABNEY, R.L. 1982. Discussions of Robert L. Dabney, vol. 1. Edinburgh, UK : Banner of Truth.
 EINWECHTER, W.O. 1996. English Bible translations: by what standard? Mill Hill, PA : Preston-Speed.
 ENGELSMA, D.J. 1988. Modern Bible versions. Protestant Reformed Churches : U.S.A.
 CARMICAL, F. 2002. What is the difference between the 'King James Only' and majority text position?, *News letter of the majority text society*, Winter [Web:] www.majoritytext.org/archive.htm. [Gebruiksdatum: 25 April 2009].
 GILL, J. 1999. A dissertation concerning the antiquity of the Hebrew language, letters, vowel-points and accents. *The Baptist standard bearer*.
 HILLS, E.F. 1956. The King James version defended. Des Moines, IA : The Christian Research Press.
 HODGES, Z.C. & FARSTAD, A.L., eds. 1985. The Greek New Testament according to the majority text. Nashville, TN : Thomas Nelson.
 JACKSON, W & THOMPSON, B. 1989. Questions and answers. *Reason and Revelation*, 9:17-18, May.
 LYONS, E & MILLER, D. 2004. Biblical inerrancy. *Reason and Revelation*, 24(6):57-63, June.
 McDOWELL, J. 1979. Evidence that demands a verdict. San Bernardino, CA : Here's Life.
 METZGER, B.M. 1975. A textual commentary on the Greek New Testament. New York, NY : UBS.
 OWEN, J. 1979. The works of John Owen, 16 vols. Edinburgh, UK : Banner of Truth.
 OWEN, J. 1994. Biblical theology. Morgan, PA : Soli Deo Gloria.
 PICKERING, W.N. 1977. The identity of the New Testament text. Nashville, TN : Thomas Nelson.
 STROUSSE, T.M. 2003. Every word: Matthew 4:4 (*In* Brandenburg, K., ed. Thou shalt keep them: a Biblical theology of the perfect preservation of Scripture. El Sobrante, CA : Pillar & Ground.)
 STURZ, H.A. 1984. The Byzantine text-type and New Testament textual criticism. Nashville, TN : Thomas Nelson.
 TURRETIN, F. 1992. Institutes of Elenctic Theology, vol. 1. Translated by Giger, G.M. and edited by Dennison, Jr. J.T. Phillipsburg, NJ : P&R.
 YOUNG, E.J. 1957. Thy Word is truth. Grand Rapids, MI : Eerdmans.
 WARFIELD, B.B. 1991. The Westminster Assembly and its work. Edmonton, AB : Still Waters Revival.
 WEBB, G.C. 2003. Not one jot or one tittle. (*In* Brandenburg, K., ed. Thou shalt keep them: a Biblical theology of the perfect preservation of Scripture. El Sobrante, CA : Pillar & Ground.)
 WESCOTT, B.F. & HORT, F.J.A. 1988. Introduction to the New Testament in the original Greek. Peabody, MA : Hendrickson.

ⁱ The Old Testament in Hebrew (which was the native language of the people of God of old), and the New Testament in Greek (which at the time of the writing of it was most generally known to the nations), being immediately inspired by God, and by his singular care and providence kept pure in all ages, are therefore authentical; so as in all controversies of religion the Church is finally to appeal unto them. But because these original tongues are not known to all the people of God who have right unto, and interest in, the Scriptures, and are commanded, in the fear of God, to read and search them, therefore they are to be translated into the language of every people unto which they come, that the Word of God dwelling plentifully in all, they may worship him in an acceptable manner, and, through patience and comfort of the Scriptures, may have hope.

- ⁱⁱ Dit is die fout van sommige van diegene wat die “uitsluitlik King James” standpunt huldig, waar hulle voorhou dat God die vertalers van die 1611 King James weergawe van die Bybel geïnspireer het. Hierdie standpunt van na-kanonieke inspirasie van vertalers is nie dié van die Bybelse Christendom nie (sien: Carmical, 2002).
- ⁱⁱⁱ Owen (1994:495-533) het geargumenteer dat die oorspronklike geskrifte, nie slegs die Hebreeuse konsonante nie maar ook, die Hebreeuse vokale (of vokaal-punte) ingesluit het. Hy redeneer dat konsonante sonder vokale nie woorde is nie en dat God woorde aan sy volk spreek het. Sien ook Gill (1999:9), wat redeneer dat die Masorete nie op ‘die uitvind van’ die vokaal-punte aanspraak gemaak het nie, maar het dit “as {afkomstig} van ‘n goddelik {geïnspireerde} oorspronklike teks geag”.
- ^{iv} In Genesis 3:1 het satan bygevoeg by die Woord van God: “Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?” (vgl. Gen. 2:16-17) en in 3:4 het hy daarvan weg geneem: “Julle sal gewis nie sterwe nie” (vgl. 2:17).
- ^v Vertaalteorie is met hierdie vraag ook uiters belangrik. Maar in hierdie artikel verbied ruimte verdere studie daarvan. Vir meer hieroor raadpleeg Einwechter (1996:13-24).
- ^{vi} Tegnies, is daar ‘n effense verskil tussen die Aleksandryse - en die Kritiese Tekse, maar vir die doeleindes van hierdie artikel word dit as basies dieselfde geag.
- ^{vii} Kodeks Sinaiticus sluit ook twee nie-kanonieke boeke in: die Sendbrief van Barnabas en die Herder van Hermes.
- ^{viii} Sommige teks kritici wat die Westcott-Hort “neutrale teks” teorie verwerp het, het vir ‘n “eklektiese teks” teorie gekies. Hierdie groep beweer om geen voorkeur teks-tipe te hê nie, maar oorweeg alle lesings sonder om ‘n gunsteling te kies. Die feit van die saak is, egter, dat die meerderheid kenners in hierdie groep wel die standpunt van Westcott-Hort deel, naamlik dat die Ontvangde/Oorgelewerde of Bisantynse Tekse ‘n minderwaardige teks is (sien: Sturz, 1984:23).
- ^{ix} Die Bisantynse Tekse word so genoem omdat die meerderheid van die manuskripte daarvan uit die oosterse Griekssprekende kerk in die Bisantynse Ryk afkomstig is.
- ^x Hierdie insig was aan die skrywer gegee deur dr. Charles H. Roberts, pastoor van “Ballston Center Associate Reformed Presbyterian Church”, in Ballston Spa, New York.
- ^{xi} Vir ‘n deeglike studie van hierdie saak sien Burgon (1959).
- ^{xii} By this faith, a Christian believeth to be true whatesoever is revealed in the Word, for the authority of God Himself speaking therein; and acteth differently, upon that which each particular passage thereof containeth; yielding obedience to the commands, trembling at the threatenings, and embracing the promises of God for this life, and that which is to come. But the principle acts of saving faith are, accepting, receiving, and resting upon Christ alone for justification, sanctification, and eternal life, by virtue of the covenant of grace.

God se voorsienigheid, die kanon en die grondteks

S. Le Cornu

Deel van die probleem aangaande die vertalingkwessie, lê na my mening in die volgende saak: God se voorsienigheid ten opsigte van die kanon en die grondteks.

1. Kanon

Wanneer dit oor die *kanon* gaan, dan sê of bely ons tereg dat die kerk nie die kanon vasgestel het nie, maar ontvang het deur God se Voorsienigheid:

"... die kerke (het) nie besluit dat hierdie 66 boeke tot die Bybel moet behoort nie. Hulle het bloot amptelik erkenning gegee aan dit wat die *Heilige Gees* oor verloop van drie eeue in die kerke laat gebeur het: dat hierdie 66 boeke, en hulle alleen, herken is as Goddelike Geskrifte, God se Woord, die Bybel." (Prof GJC Jordaan in die *Kerkblad*, Maart 2008, p.19)

Daar is nêrens in die kanon 'n volledige lys met 66 name wat sê dit is die kanon nie. Ons glo dat God deur sy Gees die bepaalde 66 boeke vir sy kerk gegee het, en in ons harte is hierdie getuienis vas en seker, niks kan teen hierdie boeke ingebring word nie, en hul getal kan nie verminder of vermeerder word nie (NGB artikel 4-6).

2. Grondteks

Wanneer ons egter by die grondteks kom, word daar anders te werk gegaan:

"Die Tekskritiek probeer om 'n betroubare grondteks saam te stel (vanuit die verskillende manuskripte) ... (en) waar daar wel verskille is moet daar op *goeie wetenskaplike gronde* tussen die verskillende lesings gekies word. Een van die beginsels in hierdie proses is dat 'n mens nie bloot maar net manuskripgetuïenis kan tel en so besluit watter lesing die beste is nie. In meeste gevalle behoort daar eerder geweeg as getel te word." (Prof JJ Janse van Rensburg in die *Kerkblad*, Augustus 2005, p.14,15)

Dus:

- die kanon ontvang ons gelowig deur die Gees in God se Voorsienigheid.

- wat die grondteks betref, moet die mens deur wetenskap, deur te weeg of te tel, bepaal of vasstel wat die 'betroubare grondteks' is, d.w.s. God se Woord word 'saamgestel'.

Baie mense sal sê: ons 'bepaal' nie God se Woord nie, ons vergelyk maar net die 'verskille' tussen die manuskripte. Dalk is dit nie die bedoeling nie, maar in die moderne praktyk van tekskritiek kom dit ongelukkig daarop neer. Dit sien ons onder andere in die volgende aanhaling:

"Langs hierdie weg (om te weeg) - wat natuurlik baie ingewikkelder is as wat nou in 'n paar woorde geskets is - word uit al die verskillende manuskripte een teks *saamgestel* wat *na die mening van die betrokke samestellers* die naaste aan die oorspronklike kom en dan as grondteks beskou word." (ibid, *Die Kerkblad*, Augustus 2005, p.15)

Natuurlik moet 'n mens dan vra: as ons nie die oorspronklike het nie, en die ou manuskripte wat ons gehad het, was nie 'n getroue weergawe van die oorspronklike nie, en die nuwe manuskripte is dit ook nie, hoe kan ons nog eensins daarna strew om "naaste aan die oorspronklike" te kom ?

Hierdie probleem, dilemma en twyfel het natuurlik juis ontstaan nadat 'nuwe manuskripte' ontdek is aan die einde van die 19de eeu, en wat op vele plekke verskil van die ou manuskripte. Die ontdekking is nie die groot probleem nie, maar wel wat daarmee gedoen is en die gevolge wat dit het vir die bestaande manuskripte: die 'nuwe' manuskripte is nou 'beter' as die ou manuskripte, en dit is 'nader' aan die 'oorspronklike', so word daar beweer.

Dit lyk my die enigste legitieme antwoord hierop, is om soos in die verlede gelowig te aanvaar en te bely dat die manuskripte wat die kerk nog altyd gehad het wel betroubare afskrifte is van die oorspronklike grondteks, wat God in sy voorsienigheid vir sy kerk bewaar het, soos dit bv bely word in die Westminster Konfessie, hoofstuk 1.8:

"Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van God se volk in die ou tyd was) en die Nuwe Testament in Grieks (die taal wat algemeen bekend was aan die volkere toe dit geskryf is), is onmiddellik deur God geïnspireer ***en deur sy buitengewone sorg en voorsienigheid in alle eeue suiwer bewaar en is daarom betroubaar***, sodat in alle godsdiensgeskille die Kerk hom uiteindelik daarop sal beroep. Maar omdat die ganse volk van God nie almal die oorspronklike tale ken nie, wat reg het op en belang het by die Skrifte en wat beveel word om hulle in die vrees van God te lees en te ondersoek, daarom moet hulle vertaal word in die volkstaal van elke nasie tot wie dit kom, dat die Woord van God oorvloediglik in almal kan woon en hulle Hom op geskikte wyse mag dien, en deur die volharding en vertroosting van die Skrifte hoop kan hê."

Vrae

Om dan te beweer dat 'nuwe manuskripte' wat later in die geskiedenis ontdek is, nou ons in staat stel om 'n 'beter' suiwerder grondteks vas te stel, laat twee baie ernstige vrae na vore kom vir die kerk en gelowige:

1. **Was of is dele van my ou Bybel dan nie woord van God (gewees) nie ?** Is bv. Matt.6:13b en Joh.8:1-11 woord van God of nie (hierdie tekste, saam vele ander ontbreek in die nuwer manuskripte) ?

Wat word dan anders bedoel met woorde soos

"Saam met die nuwe ontdekking van ouer manuskripte het die tekskritiek-wetenskap self ook baie ontwikkel. Betroubare metodes om die ouderdom van tekste te bepaal is byvoorbeeld ontwikkel. Die gevolg hiervan was dat daar *sedert die laaste helfte van die vorige eeu 'n meer betroubare grondteks saamgestel*

kon word. Ons eie Bybelvertalers het vir die 1983-Vertaling 'n grondteks wat in 1975 saamgestel is gebruik, naamlik die derde uitgawe van die grondteks van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe."
(*Kerkblad*, Augustus 2005, p.15)

Die gelowige, wat God aanbid, vir Jesus lief het, soek nie sy Woord 'min of meer' nie, of 'minder betroubaar' nie ? Met hierdie aanhaling word gesê die OAV is 'minder' betroubaar, terwyl die NAV 'meer betroubaar' is.

Waarmee het die gelowige dan te doen as hy sy OAV lees ? 'n Minder 'suiwere' woord van God ?

Maar, selfs oor die NAV moet daar dan ook twyfel wees, daarom die twyfelagtige voorwoord in die NAV: "... met die resultate van wetenskaplike ondersoek, maar wat so getrou as moontlik aan die grondteks bly ..."

Dit beteken dat die Woord van God nooit vas is nie, maar aanhou verander (evolueer?), soos 'die wetenskaplike ondersoek' al hoe meer 'sekerheid' vir ons gaan kry deur nader te kom aan die 'oorspronklike', want die ontdekking van 'ouer manuskripte', wat as 'beter' manuskripte beskou en verklaar word, beteken vanselfsprekend:

1. twyfel oor of die ou manuskripte van die verlede wel betroubare afskrifte van God se Woord is/was, en
2. twyfel of ons ooit 'n werklik betroubare grondteks van God se woord sal hê ?

Dit lyk my die uiteinde van die moderne tekstkritiek is, geen sekerheid oor die verlede of hede nie, en dat die kerk en die gelowige afhanklik is van die wetenskaplike ondersoek om sekerheid te skep of hopelik te ontdek. Tekstkritiese positivisme ?

2. 'n Tweede probleem, is, die teologiese vraag: het God in sy voorsienigheid 'n ander woord gegee, nou skielik vanaf die einde van die 19de eeu ? Voor die 19de eeu het God se Woord bv. ook Mark.16:9-20 en Joh.8:1-11 ingesluit, maar na die 19de eeu is dit nie meer Woord van God nie, want die 'beter' manuskripte bevat dit nie ?

Die redenering dat die 'verskille' (omtrent 15% van die NT teks) nie oor wesentlike sake gaan nie, word goed bedoel, maar antwoord nie die vraag oor wat is nou God se Woord en wat is nie, want dalk ontdek ons oor 'n paar jaar manuskripte wat nog nader is aan die 'oorspronklike' (en dus nog meer 'betroubaarder' en 'beter' is), wat dalk nie die opstanding van Christus bevat nie.

Wat dan ?

Verder, as daar geredeneer word: ja, maar God het ook in sy *voorsienigheid* vir ons nou 'beter' manuskripte gegee, wat nie sekere gedeeltes bevat nie, dan is my kanonvraag: as God in sy voorsienigheid ons nou 'n vyfde Evangelie gee, of nog 'n brief van Paulus, gaan ons dit insluit in die kanon, en dan 'n kanon met 67 boeke hê ... want God gee ons mos nou 'in sy voorsienigheid' nog 'n boek ?

Nee, ek glo die eerlike gelowige weg uit hierdie krisis waarin tekstkritiek-kanon-grondteks vraag vasgevang is, is om te bely dat God *het* sy Woord aan ons gegee en getrou bewaar nie net in die aantal boeke wat Hy vir ons deur sy Gees gegee het nie, maar *ook* in die betroubare manuskripte wat Hy reeds deur die eeue van die begin af vir ons laat bewaar het. Dit waarvan ons by implikasie bely in ons kanon en gesag artikel van NGB artikel 4 en 5:

"Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen *niks* ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg ... Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel *alles wat daarin vervat is*, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan *in hulleself*, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind."

Daarom kan daar nie deur die geskiedenis nuwer grondtekste of manuskripte kom wat vorige manuskripte, wat die kerk deur die eeu as Woord van God gehad het, weerspreek of korrigeer in terme van omvang nie. Daar kan nie 'beter', d.w.s. 'n 'meer betroubare' Skrif wees nie, wat die grondteks betref nie. Anders is ons kanon 'n geknakte *riet*, en nie 'n betroubare maatstok nie, wat nie vas en seker is met die doel "om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig" nie.

Ja, natuurlik kan ons ander manuskripte deur die eeue ontdek, wat ons dan kan vergelyk met die manuskripte wat ons reeds het deur die eeue, en dan kan ons in 'n voetnota vermeld dat die nuwer manuskripte het nie hierdie of daardie verse nie of het 'n vers by (a.g.v. bv. *moontlike* oorskryffoute, nie al die tekste gehad om oor te skryf nie, nie klaar oorgeskryf nie, dittografie, spelfoute, onsekerheid, dwalinge in of uitskryf, ens.) In die Engelse wêreld kry ons hierdie gebruik bv. by die *New King James Version* vertaling.

Ek wil my nie inlaat oor al die sogenaamde samesweringsteorië en ander idees waarom daar nou skielik nuwe manuskripte ontdek is nie, of oor die karakter of bedoelinge van voorstanders vir die ouer of nuwer manuskripte nie. Dit is baie spekulatief en verdelend van aard, en na my mening nie finaal bepalend vir hierdie saak nie. Allerlei histories-ideologiese argumente kan na beide kante toe sny. Ek glo ons moet bloot die sake broederlik bespreek en nie mense se bedoelinge en motiewe bevraagteken na beide kante toe nie.

Daarom moet ons erns maak met die verhouding "grondteks-kanon-manuskripte en God se Voorsienigheid" deur die geskiedenis.

Samevattend

1. ons glo dat God in sy voorsienigheid vir ons 66 boeke gegee het, wat die kerk deur sy Gees ontvang het in die geskiedenis.

Implikasie: daar sal nie deur die geskiedenis 'n 67ste boek wees om by die kanon te voeg nie.

2. ons glo dat God in sy Voorsienigheid reeds deur die eeue betroubare manuskripte gegee het van die oorspronklike. Ons soek nie nog 'beter' of die 'beste' manuskripte nie, ons het dit reeds deur die eeue ontvang.

Implikasie: daar sal nie deur die geskiedenis vir ons manuskripte gegee word wat die voriges verbeter in die sin dat dit sekere dele weglaat of byvoeg nie.

3. Tekskritiek en vertalingsimplikasie: die ouer manuskripte wat die kerke deur die eeue gehad het is die grondteks wat gebruik behoort te word vir vertalings (ook die nuwer vertaling wat nou aan gewerk word deur die Bybelgenootskap), terwyl daar wel in voetnotas bloot vermeld kan word dat manuskripte wat later ontdek is, wel hierdie of daardie vers in het of nie in het nie, sonder om 'n waarde-oordeel of uitspraak oor die vaste kanon/manuskripte te maak, in navolging van wat ons bely in NGB artikel 2-7.

Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid. - Jesaja 40:8

Sien ook die volgende artikel: **What difference does it make ?**, Wilbur N. Pickering, ThM PhD (oor die belangrikheid van die verskille in die verskillende grondteks-tradisies), beskikbaar by: <http://majoritytext.com/>

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 083 660 1578 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra.za.org Blog: <http://proregno.blogspot.com>

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther